

28 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 8:40-56

Fokusgedeelte: NGB, Art 26

### Die moed om na die Middelaar te gaan

In Jaïrus en die naamlose vrou van ons Skrifgedeelte sien ons die uiterstes van 'n samelewing. Hy 'n man, sy 'n vrou; hy gesien en waarskynlik gegoed, sy minder bekend en arm; Jaïrus met 'n ereplek in die sinagoge, sy vanweë haar siekte onrein en uitgesluit. Toe Jaïrus se dogter gesond gebore word, word hierdie vrou siek. Op twaalf staan sy dogter in die lente van haar lewe. Die vrou, na twaalf jaar se gesukkel, staan in die herfs van haar lewe. Selfs hulle metodes verskil; Jaïrus kom openlik van voor om Jesus te kom haal, sy kom woordeloos en haal Jesus in die geheim van agter af in.

Tog, soos twee kante van 'n munt, pas hierdie uiterstes op mekaar. In die dogtertjie en die vrou ontmoet Jesus die vrou in haar vroulikheid. Oud en jonk, herfs en lente word een in die nood wat siekte en dood bring. Albei het moed nodig om na die Middelaar, Jesus, te gaan. Die vrou moet teen tradisie in die genade wat in Christus is vasgryp. Jaïrus moet teen alle logika in handewringend op die genade in Christus bly wag.

Christus bly egter die volmaakte Middelaar. Hy herstel – teen tradisie en logika in – mense in hulle menslikheid, vroue in hulle vroulikheid. Wat onwaardig is maak Hy waardig; waar dood was bring Hy lewe. Hy doen dit op 'n vreemde manier. Die mees openbare nood hanteer Hy diskreet; die mees diskrete nood hanteer Hy in die openbaar!

Hoe moeilik is die lewensvrae! Met hoeveel uiterstes kry ons in die lewe te doen! As ons maar die moed bymekaar skraap om na die Middelaar toe te gaan! By Hom werk dinge uit, al is dit op 'n heel ander manier as wat ons gedink het.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*